

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 240

(Geen datum)

REÏNKARNASIE

* * * * *

"Ek verlang daarna om heen te gaan en (saam) met
Christus te wees."

(Fil. 1:23)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Reïnkarnasie

Wat is dit?

Dit is die godsdienstige leer wat sê dat:

- as die siel die liggaam by die dood verlaat. . .
- daar 'n sielsverhuising plaasvind
- en dat die siel wêér in 'n voortgesette lewe vlees word. Dit beteken:
 - a. Dat die siel van die mens ná die dood in 'n nuwe liggaam voortleef (inkarneer).
 - b. Indien die vroeëre liggaam baie goed was, leef die siel in 'n beter liggaam voort. Indien dit sleg was, inkarneer die siel in 'n slegter liggaam.

PROBLEEMSTELLING . . .

- tot nadenke?
- tot verwarring?

By die leer van reïnkarnasie word met drie basiese begrippe gewerk - begrippe waarmee ook in die Christelike dogma gewerk word:

- a. Voortsetting van die lewe.
- b. Sielsverhuising.
- c. Weer vleeswording.

Vergelykend kan dit só opgesom word:

Reïnkarnasieleer	Christelike standpunt
• Voortsetting van die lewe	
• Dit geskied in 'n nuwe liggaam hier op aarde	• Dit geskied in die hemel by God of in die ewige hel.
• Sielsverhuising	
• Die siel verhuis na 'n nuwe liggaam	• Die siel gaan na God of na die hel
• Weer vleeswording	
• Die siel in 'n nuwe liggaam word weer vlees.	• By Christus se wederkoms sal siel en liggaam verenig om te leef of te sterf tot in ewigheid.

DEFINISIE

By reïnkarnasie word geglo dat die "wet van outomatiese geregtigheid deur werke" oor die dood heen ingryp. By die dood word dus die totale bestaan van die mens - met al sy goeie én slegte dade - geweeg.

Die resultaat daarvan bepaal dan watter tipe liggaam die siel sal ontvang by hergeboorte.

- Was die lewe goed, kom die siel in 'n hoëre staat terug na die wêreld.
- Was die lewe egter sleg, sink die siel in 'n diepere staat na benede.

Ook in die Boedhisme leef hierdie tradisionele gedagte van reïnkarnasie. Daarom leer hulle dat. . .

- die feit dat die mens se siel vasgevang is in hierdie "kringloop van geboortes" die kern is van alle menslike ellende en nood.
- eers wanneer die siel, na vele inkarnasies, homself kan verhef bo swakheid en ellende heen, dan eers kan die siel ontkom van hierdie kringloop, om dan eers verenig te word met die god Brahman.

In die volgende twee artikels kyk ons na die twee belangrikste ontspronge van hierdie leer van reïnkarnasie.

Ds. Nico Ligthelm.

Reïnkarnasie en die ewige lewe

Soos gesê:

Reïnkarnasie is 'n godsdienstige siening wat sy oorsprong by oosterse godsdienste het (veral in Indië), en wat vandag nog lewendig by sekere heidene aangehang word. Twee belangrike ontsporinge word by hierdie heidense reïnkarnasieleer gevind, naamlik

1. Die sogenaamde ontsterflikheid van die siel, en
2. Die leer van werkheiligheid (meer hieroor in die volgende artikel).

Die siel reïnkarneer

Die aanhangers van hierdie leer glo dat by die dood van 'n mens, sy siel en liggaam van mekaar skei, en dat die siel dan reïnkarneer. Die siel wil nie die liggaam los nie . . .

- die liggaam afskud nie . . .
- maar noudat die liggaam dood is, soek hy vir hom 'n ander liggaam om in te gaan woon.

Hy gaan woon in 'n nuwe liggaam.

En langs hierdie weg verkry die siel vir homself, liggaam na liggaam, 'n soort "onsterflikheid". Deur 'n kringloop van geboortes keer die siel telkens weer in 'n ander liggaam na hierdie wêreld terug. Eers na vele leed en menslike ellende, kan die siel dan bo alle swakheid en begeertes uitstyg, van hierdie gereïnkarneerde kringloop ontkom en vir altyd in 'n "verhewe staat" lewe.

Die ewig lewe

Die Bybel leer ons in Prediker 12:7 ook dat die liggaam en siel (gees) van mekaar skei by die dood. Die liggaam word weer stof - uit stof is die mens gemaak. Die siel van die gelowige het ook sy besliste bestemming, naamlik by God.

Op verskillende plekke in die Nuwe Testament word hierdie saak vir ons mooi duidelik gemaak:

- Vir die man wat saam met Jesus gekruisig is, sê Hy: "Vandag sal jy saam met My in die Paradys wees" (Luk 23:43).
- Wanneer Paulus oor sy eie dood skryf in Filippense 1:23, stel hy dit só: "Ek verlang daarna om heen te gaan en (saam) met Christus te wees, want dit is verreweg die beste".
- Op die eiland Patmos sien Johannes deur 'n geopende hemel gelowiges voor die Lam (dit is Christus) staan. (Openbaring 7:9-17).

Die leer van die reïnkarnasie is strydig met wat die Bybel ons leer oor wat met 'n gelowige na die dood gebeur: Jy is saam met Christus. Dié een wat in Christus glo, sal lewe al het hy ook gesterwe - ja, hy sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. (Joh. 11:26).

Die ewige lewe is 'n werklikheid.

- Wat meer is: Diegene wat die ewige lewe het, beleef en deurleef dit op 'n welbewuste manier.
- Dit is nie 'n skynlewe of 'n veraf waasagtige onomlynde lewe nie.

Nee, die ewige lewe is om saam met Christus te wees - sonder sonde (jy sterf die sonde by jou dood af), sonder trane (God self droog alle trane af).

Die ewige lewe het die volgende karakter:

"Hy wat op die troon sit, sal by hulle bly. Hulle sal nie meer honger en nie meer dors kry nie; die son sal hulle nie brand en 'n hittegloed ook nie, want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle herder wees en hulle na die fontein met die water van die lewe lei." (Openbaring 7:15-17).

Ds. A.H. Grové.

Reïnkarnasie en goeie werke

Werkheiligheid

Werkheiligheid is nou gekoppel aan die leer van die reïnkarnasie. Die leer van die reïnkarnasie hou in hierdie verband die volgende in:

Wat jy in hierdie lewe aan die duskant van die graf doen, het 'n outomatiese effek op jou bestemming aan die anderkant van die graf. Jou lewe nou, gryp outomaties vooruit oor die dood heen.

By jou dood word jou hele lewe — met al die "goeie dinge" en die "slegte dinge" - in 'n weegskaal geplaas. Jy en jou dae word geweeg. As die "goeie dinge" swaarder weeg as die "slegte dinge" dan is die resultaat vir jou dat jy in die nuwe lewe (nuwe liggaam waarin jy gaan woon) in 'n verhewe staat sal lewe. Jy kom in 'n hoër staat terug na hierdie wêreld. Die omgekeerde geld ook volgens die leer van die reïnkarnasie: As die "slegte dinge" die swaarste weeg, dan sink jy af in 'n dieper, laer staat in jou volgende lewe. Die leer van werkheiligheid (naamlik dat jy jou saligheid met jou goeie dae kan koop) kom ook as 'n dwaalleer in christelike kringe voor. Só byvoorbeeld:

- leer die Rooms-Katolieke dat jy met jou geld (aflaat) vir jou sondes kan betaal.
- In die tyd van Paulus was daar mense in Galasië wat beweer het dat 'n nie-Jood slegs gered kan word deur die wet van Moses te onderhou - dit wil sê: Jy verkry jou saligheid deur goeie werke te doen.

Alles genade

Die leerstelling dat jy met 'n "goeie" of "mooi" lewe jou saligheid kan verdien, is strydig met wat die Here ons in sy Woord leer.

Op verskillende plekke - en baie uitdruklik — word dit vir ons gesê:

- In Efesiërs 2:8 word alle moontlikheid dat jy jou saligheid met goeie werke kan koop, afgesny. Daar staan: "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God."

God gee die ewige saligheid aan jou.

- Die rede waarom God die ewige lewe aan jou gee, is omdat Christus dit vir jou verwerf het.
- 'n Absolute vereiste wat God stel, is dat jy moet glo - glo in Christus. Vir die tronkbewaarder van Filippi het Paulus gesê: "Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word."

In Romeine 3:21, 22 skryf Paulus: "Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die Wet te onderhou nie, maar deur in Jesus Christus te glo".

Die gelowige se dae en sy geloof staan nie los van mekaar nie. Hy laat sy geloof in dae gestalte aanneem (Jak 2). Met sy dae koop of verdien hy nie sy saligheid nie. Nee, hy erf dit, verniet. (Rom8).

Wanneer die ongelowiges die ewige verderf ingaan, dan is dit hulle eie skuld. Ons lees in Matteus 25:41 dat Christus op die oordeelsdag vir hulle aan sy linkerkant sê: "Gaan weg van my af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vure wat vir die duivel en sy engele voorberei is."

Ds. A.H. Grové.